

30 September

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 14:12

Voor God se regbank is ander nie ter sake nie!

Die gelowiges in Rome het blykbaar die gewoonte gehad om mekaar te veroordeel en te verag. Paulus wys hulle tereg en herinner hulle daaraan dat wanneer ons eendag voor God se regbank gaan verskyn, ons nie die vinger na ander sal kan wys nie. Dan sal ander se lewens en sonde nie ter sake wees nie, maar net ons eie. Ons sal nie kan sê: Ja, maar wat van die een of wat van daardie een se sondes! nie. Nee, ons eie lewens sal dan onder die vergrootglas kom en elkeen sal oor homself rekenskap moet gee.

Eers wanneer ek besef dat ek net van my self rekenskap sal moet gee, eers dan sal ek ophou om regter te wil speel oor ander. Om werklik toegewyd aan God te lewe, vereis soveel tyd en energie dat ek nie nog tyd het om ander te veroordeel nie. Doen liever selfondersoek as jy weer in die versoeking kom om ander te veroordeel!

Sing: Skrifberyming 10:1, 2

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)